- langtermyn behandeling van pasiënte met geneesde esofagitis om 'n terugval te voorkom:
  20 mg een maal per dag.
- simptomatiese behandeling van gastroesofageale Reflukssiekte (GERS):
  20 mg een maal per dag by pasiënte sonder esofagitis.
  Indien simptoombeheer nie bereik word na 4 weke nie, moet die pasiënt verder ondersoek word. Sodra simptome opgeklaar het, kan daaropvolgende simptoombeheer verkry word deur behandeling op versoek met 20 mg een maal daagliks wanneer nodig.

Pasiënte wat volgehoue NSAIM-behandeling benodig:
- voorkoming van gastriese en duodenale ulkusse geassosieerd met NSAIM-behandeling by pasiënte op risiko:
  20 mg of 40 mg een maal daagliks.

In kombinasie met toepaslike antibakteriële terapeutiese regimes vir die uitwissing van Helicobacter pylori en genesing van Helicobacter pylori-geassosieerde duodenale ulkus en voorkoming van die terugkeer van peptiese ulkusse by pasiënte met Helicobacter pylori-geassosieerde ulkussiekte:
- 20 mg FLUXTRIN met 1 g amoksisillien en 500 mg klaritromisien, almal twee maal per dag vir 7 dae.

Patologiese hipersekresie-aandoenings insluitend Zollinger-Ellison-sindroom en idiopatiese hipersekresie:
- Die aanbevole aanvanklike dosis is 40 mg twee maal daagliks. Die dosis moet dan individueel aangepas word en die behandeling moet voortgesit word solank dit klinies aangedui is. Dosisse tot 120 mg twee maal per dag is al toegedien.

Adolessente 12-18 jaar:
Gastroesofageale reflukssiekte (GERS):
- behandeling van eroderende refluksesofagitis:
  40 mg een maal daagliks vir 4 weke
  'n Addisionele 4-week-behandeling word aanbeveel vir pasiënte by wie esofagitis nie genees het nie, of wat hardnekkige simptome ervaar.
- langtermynbehandeling van pasiënte met geneesde esofagitis om terugval te voorkom: 20 mg een maal daagliks.
- Simptomatiese behandeling van Gastroesofageale Reflukssiekte (GERS):
  20 mg een maal daagliks by pasiënte sonder esofagitis.
  Indien simptoombeheer nie bereik word na 4 weke nie, moet die pasiënt verder ondersoek word. Sodra simptome opgeklaar het, kan daaropvolgende simptoombeheer verkry word deur behandeling op versoek met 20 mg een maal daagliks wanneer nodig.

Dosisse bo 1 mg/kg/dag is nie bestudeer nie.

Spesiale populasies
Verswakte renale funksie:
Dosisaanpassing is nie nodig by pasiënte met verswakte renale funksie nie. As gevolg van beperkte ervaring by pasiënte met erge renale ontoereikendheid, moet sulke pasiënte met omsigtigheid behandel word.

Verswakte hepatiese funksie:
Dosisaanpassing is nie nodig by pasiënte met ligte tot matige lewer inkorting nie. Vir pasiënte met erge lewer inkorting, moet 'n maksimum daaglikse dosis van 20 mg FLUXTRIN gebruik word.

Bejaardes:
Dosisaanpassing is nie nodig by bejaardes nie.

Pediatriese populasie:
FLUXTRIN moet nie by kinders jonger as 1 jaar gebruik word nie, aangesien geen data beskikbaar is nie.

Metode van toediening
Die tablet moet heel ingesluk word met water. Die tablet moet nie gekou of fyngemaak word nie.

4.3 Kontraïndikasies
Bekende hipersensitiwiteit vir esomeprasool, gesubstitueerde bensimidasool of enige ander bestanddele van FLUXTRIN.
Gelyktydige toediening van FLUXTRIN met atasanavir of nelfinavir (sien afdeling 4.5).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik
FLUXTRIN is nie aangedui vir ligte gastrointestinale klagtes soos nerweuse dispepsie nie.

Voor die behandeling van of in die teenwoordigheid van enige waarskuwingsimptoom (bv. beduidende onbeplande gewigsverlies, herhalende braking, disfagie, hematemese of melena) en wanneer 'n gastriese ulkus vermoed word of teenwoordig is, behoort die moontlikheid van maligniteit van 'n gastriese ulkus of 'n maligne siekte van die esofagus uitgesluit te word, aangesien die behandeling met FLUXTRIN die simptome van maligne ulkusse kan verlig en sodoende diagnose kan vertraag.

Akute interstisiële nefritis (AIN)
Daar is 'n verhoogde risiko vir subkliniese akute interstisiële nefritis (AIN), geassosieerd met protonpompinhibeerders (PPIs), soos FLUXTRIN, wat kan lei tot akute renale skade en/of chroniese renale versaking. Simptome van interstisiële nefritis kan voortduur, selfs wanneer behandeling met die PPI gestaak word.

Behandeling op versoek
Pasiënte wat op versoek behandel word, moet opdrag gegee word om hul geneesheer te kontak indien hulle simptome verander in karakter.

Tydens langtermyn orale behandeling met esomeprasool vorm daar gastriese klieragtige siste. Hierdie veranderinge is 'n fisiologiese gevolg van 'n uitgesproke inhibering van suurafskeiding, is benigne en skynbaar omkeerbaar.

Helicobacter pylori uitwissing
Wanneer esomeprasool voorgeskryf word vir die uitroei van *Helicobacter pylori*, moet moontlike interaksies vir alle komponente in die drievoudige terapie oorweeg word. Klaritromisien is 'n kragtige inhibeerder van CYP3A4 en dus moet kontraïndikasies en interaksies vir klaritromisien oorweeg word wanneer die drievoudige terapie gebruik word by pasiënte wat gelyktydig ander medisyne neem wat deur CYP3A4 gemetaboliseer word, soos sisaprid.

Absorpsie van vitamien B_{12}
Esomeprasool, soos alle suur-blokkerende medisyne, kan die opname van vitamien B_{12} (sianokobalamien) verminder as gevolg van hipo- of achloorhidrie. Hierdie moet oorweeg word by pasiënte met verminderde liggaamsstore of risikofaktore vir verminderde opname van vitamien B_{12} op langtermynterapie.

Hipomagnesemie
Erge hipomagnesemie is aangemeld by pasiënte wat met protonpompinhibeerders (PPIs), soos esomeprasool, behandel was vir minstens drie maande en in die meeste gevalle vir 'n jaar. Erge manifestasies van hipomagnesemie soos moegheid, tetanie, delirium, konvulsies, duiseligheid en ventrikulêre disritmie kan voorkom, maar dit kan bedrieglik begin en oor die hoof gesien word. In die pasiënte wat die meeste geaffekteer was, het hipomagnesemie verbeter na die vervanging van magnesium en staking van die PPI.
Vir pasiënte wat verwag word om op langtermynbehandeling te wees of dié wat PPIs met digoksien of medisyne neem wat hipomagnesemie kan veroorsaak (bv. diuretika), moet gesondheidsorg deskundiges dit oorweeg om magnesiumvlakke te meet voordat PPI-behandeling begin word en periodiek tydens behandeling.

Risiko vir frakture van die pols, heupe of ruggraat
Protonpompinhibeerders, veral as dit in hoë dosisse en oor 'n lang duur (> 1 jaar) gebruik word, kan die risiko van heup-, pols- en ruggraatfrakture matig verhoog, hoofsaaklik by bejaardes of in teenwoordigheid van ander erkende risikofaktore. Waarnemingsstudies dui daarop dat protonpompinhibeerders die totale risiko van frakture met 10-40 % kan verhoog. Sommige van hierdie verhogings kan wees as gevolg van ander risikofaktore. Pasiënte op risiko vir osteoporose, moet sorg ontvang volgens die huidige kliniese riglyne en hulle moet voldoende vitamien D en kalsium inname hê.

Sub-akute Kutaneuse Lupus Eritematose (SKLE)
Protonpompinhibeerders word geassosieer met seldsame gevalle van SKLE. As letsels voorkom, veral in son-blootgestelde areas van die vel, en as dit gepaard gaan met artralgie, moet die pasiënt onmiddellik mediese hulp soek en die gesondheidsorg deskundige moet dit oorweeg om FLUXTRIN te staak. SKLE na vorige behandeling met 'n protonpompinhibeerder kan risiko van SKLE met ander protonpompinhibeerders verhoog.

Gelyktydige toediening van klopidogrel en esomeprasool het gelei tot 'n afname in blootstelling aan die aktiewe metaboliet van klopidogrel met 'n gemiddeld van 40 %. Die maksimum inhibisie van (ADP-geïnduseerde) plaatjie-aggregasie het afgeneem met 'n gemiddeld van 14 %. Op grond van hierdie data, moet die gesamentlike gebruik van FLUXTRIN en klopidogrel vermy word.

Tydens behandeling met anti-sekretoriese medisyne neem die serum-gastrien toe in reaksie op die verminderde suurafskeiding. Chromogranien A (CgA) neem ook toe as gevolg van die verminderde gastriese asiditeit. Die verhoogde CgA-vlak kan inmeng met die ondersoeke vir neuro-endokriene gewasse. Om hierdie inmenging te voorkom, moet die esomeprasool-behandeling 5 dae voor CgA-metings tydelik gestaak word.

Clostridium difficile is 'n bakterie wat erge uitmergelende diarree kan veroorsaak wat nie verbeter nie. Simptome kan waterige stoelgange, abdominale pyn, en koors insluit, en pasiënte kan erger intestinale toestande ontwikkel.

Pasiënte op langtermynbehandeling (veral diegene wat langer as 'n jaar behandel word) moet onder gereelde toesig gehou word.

Verlaagde gastriese asiditeit as gevolg van enige middel, insluitend protonpompinhibeerders soos FLUXTRIN tablette, verhoog die gastriese telling van bakterieë wat normaalweg in die spysverteringskanaal voorkom. Behandeling met FLUXTRIN kan lei tot 'n verhoogde risiko vir gastrointestinale infeksies soos *Salmonella* en *Campylobacter*, asook *Clostridium difficile* by gehospitaliseerde pasiënte.

FLUXTRIN bevat laktose
Pasiënte met die seldsame oorerflike toestande van galaktose-onverdraagsaamheid, totale laktase-tekort, glukose-galaktose wanabsorpsie moet nie FLUXTRIN neem nie

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie
Effekte van FLUXTRIN op die farmakokinetika van ander medisyne:
Die gastriese suur-onderdrukking tydens behandeling met FLUXTRIN, kan die opname van medisyne met 'n pH-afhanklike absorpsie van die maag verminder of verhoog. Die absorpsie van medisyne soos ketokonasool, itrakonasool en erlotinib kan afneem, terwyl die absorpsie van medisyne soos digoksien kan toeneem tydens behandeling met FLUXTRIN.
Gelyktydige behandeling met omeprasool (20 mg daagliks) en digoksien by gesonde proefpersone het die biobeskikbaarheid van digoksien met 10 % verhoog (tot 30 % by 2 uit 10 proefpersone). Digoksientoksisiteit was aangemeld. Sorg word aanbeveel wanneer FLUXTRIN gegee word teen hoë dosisse by ouer pasiënte. Terapeutiese monitering van digoksienvlakke moet gedoen word.

FLUXTRIN inhibeer CYP2C19, die belangrikste FLUXTRIN metaboliserende ensiem. Gelyktydige toediening van 30 mg FLUXTRIN het gelei tot 'n 45 % afname in die opruiming van hierdie CYP2C19-substraat van diasepaam. Dit is onwaarskynlik dat hierdie interaksie van kliniese belang is. Gelyktydige toediening van 40 mg FLUXTRIN het gelei tot 'n toename van 13 % in die trogplasmavlakke van fenitoïen by epileptiese pasiënte.

Gelyktydige toediening van 40 mg FLUXTRIN aan pasiënte wat met warfarien behandel word, het getoon dat, ondanks 'n verhoging in die trogplasmakonsentrasie van die minder kragtige R-isomeer van warfarien, was die stoltye binne die aanvaarde perke .

Vanuit na-bemarking gebruike, is gevalle van verhoogde IGV van kliniese belang aangemeld tydens gelyktydige behandeling met warfarien. Noukeurige monitering word aanbeveel wanneer warfarien gesamentlik toegedien word met FLUXTRIN by die aanvang van die behandeling, tydens behandeling en met die beëindiging van behandeling.

Resultate uit studies by gesonde proefpersone het getoon dat daar 'n farmakokinetiese/ farmakodinamiese interaksie is tussen klopidogrel (300 mg ladingsdosis/75 mg daaglikse onderhoudsdosis) en esomeprasool (40 mg p.o. daagliks) wat lei tot 'n verminderde blootstelling aan die aktiewe metaboliet van klopidogrel met 'n gemiddeld van 40 % en lei tot 'n verminderde maksimum inhibisie van (ADP-geïnduseerde) plaatjie-aggregasie met 'n gemiddeld van 14 %. Op grond van hierdie data, moet die gesamentlike gebruik van FLUXTRIN en klopidogrel vermy word.

Omeprasool sowel as esomeprasool dien as inhibeerders van CYP 2C19. Omeprasool gegee in dosisse van 40 mg aan gesonde proefpersone in 'n oorkruis studie, het C_{maks} en AOK vir silostasool met onderskeidelik 18 % en 26 % verhoog, en een van sy metaboliete met onderskeidelik 29 % en 69 %. FLUXTRIN kan verwag word om 'n soortgelyke effek te toon.

Gelyktydige toediening van 40 mg FLUXTRIN het gelei tot 'n 32 % toename in die area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe (AOK) en 'n 31 % verlenging van die eliminasie-halfleeftyd (t½), maar geen noemenswaardige toename in die piekplasmavlakke van sisaprid nie. Hierdie interaksie het nie die invloed van sisaprid op die kardiale elektrofisiologie verander nie.

As dit saam met protonpompinhibeerders gegee word, is dit by sommige pasiënte aangemeld dat metotreksaatvlakke toeneem. By hoë dosis metotreksaat toediening moet 'n tydelike onttrekking van FLUXTRIN oorweeg word.

FLUXTRIN het geen klinies relevante uitwerking getoon op die farmakokinetika van amoksisillien of kinidien nie.

Studies wat die gelyktydige toediening van FLUXTRIN en óf naproksen (nie-selektiewe NSAIM) óf rofekoksib (SOK-2-selektiewe NSAIM) evalueer, het geen klinies relevante interaksie geïdentifiseer nie.

Gelyktydige toediening van FLUXTRIN kan die plasmavlakke van atasanavir aansienlik verlaag.

Daar is gerapporteer dat omeprasool interaksies het met sommige antiretrovirale medisyne. Verhoogde gastriese pH tydens omeprasoolbehandeling kan die absorpsie van die antiretrovirale medisyne verander. Ander moontlike interaksiemeganismes is deur middel van CYP2C19. Vir sommige antiretrovirale medisyne, soos atasanavir en nelfinavir, is verlaagde serumvlakke gerapporteer wanneer dit saam met omeprasool gegee word, en gelyktydige toediening word nie aanbeveel nie.
Gelyktydige toediening van esomeprasool (40 mg een maal per dag) het gelei tot die gemiddelde blootstelling aan nelfinavir van ongeveer 40 % verminder en die gemiddelde blootstelling aan die farmakologies aktiewe metaboliet is met ongeveer 75-90 % verminder. FLUXTRIN verlaag die konsentrasie van nelfinavir aansienlik. Gelyktydige toediening met esomeprasool en antiretrovirale medisyne soos atasanavir en nelfinavir word nie aanbeveel nie.
Vir ander antiretrovirale medisyne, soos sakinavir is verhoogde serumvlakke van 80-100 % gerapporteer. Daar is ook 'n paar antiretrovirale medisyne waarvoor onveranderde serumvlakke gerapporteer is wanneer dit saam met omeprasool gegee is. Noukeurige monitering of dosisverandering word aanbeveel.

Tipranavir kan die konsentrasie van FLUXTRIN verlaag. Gelyktydige toediening word nie aanbeveel nie. Alhoewel, indien dit gelyktydig gebruik word, moet die dosis FLUXTRIN verhoog word.

Effekte van ander medisyne op die farmakokinetika van FLUXTRIN:
FLUXTRIN word gemetaboliseer deur CYP2C19 en CYP3A4. Gelyktydige toediening van FLUXTRIN en 'n CYP3A4-inhibeerder, klaritromisien (500 mg b.i.d.) het gelei tot 'n verdubbeling van die blootstelling (AOK) van FLUXTRIN gelei. Gelyktydige toediening van FLUXTRIN en 'n gekombineerde inhibeerder van CYP2C19 en CYP3A4, soos vorikonasool, kan lei tot meer as verdriedubbeling van die blootstelling aan FLUXTRIN. Dosisaanpassing van FLUXTRIN word nie vereis nie.

Medisyne wat bekend is dat dit CYP2C19 of CYP3A4 of albei induseer (soos rifampisien en Sint-Janskruid) kan lei tot verlaagde esomeprasoolserumvlakke deur die esomeprasool-metabolisme te verhoog.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en laktasie
Swangerskap
Veiligheid tydens swangerskap is nie vasgestel nie.

Borsvoeding
Veiligheid tydens laktasie is nie vasgestel nie.

4.7 Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik
FLUXTRIN kan duiseligheid en dowwe visie veroorsaak, en sodoende die vermoë om te bestuur of masjinerie te hanteer beïnvloed.

4.8 Newe-effekte
a) Opsomming van die veiligheidsprofiel
Hoofpyn, abdominale pyn, diarree en naarheid is van die newe-effekte wat die meeste in kliniese proewe (en ook na-bemarking) gerapporteer is. Daarbenewens is die veiligheidsprofiel soortgelyk vir verskillende formulerings, behandeling indikasies, ouderdomsgroepe en pasiënt populasies.

b) Getabuleerde opsomming van newe-effekte

Bloed- en Limfatiese Sisteemversteurings:	
Minder gereeld:	Leukopenie, trombositopenie
Immuunstelselversteurings:	
Minder gereeld:	Hipersensitiwiteitsreaksies, bv. angioedeem en anafilaktiese reaksie/skok
Metabolisme- en voedingsversteurings:	
Minder gereeld:	Perifere edeem, Hiponatremie, Hipomagnesemie
Frekwensie onbekend:	Erge hipermagnesemie kan korreleer met hipokalsemie. Hipomagnesemie kan ook geassosieerd word met hipokalemie.
Psigiatriese versteurings:	
Minder gereeld:	Insomnie, agitasie, verwarring, depressie, aggressie, hallusinasie.
Senusisteemversteurings:	
Gereeld:	Hoofpyn
Minder gereeld:	Duiseligheid, parestesie, slaperigheid, smaakversteuring
Oogversteurings:	
Minder gereeld:	Dowwe visie
Oor- en doolhofversteurings:	
Minder gereeld:	Vertigo
Respiratories-, torakale- en mediastinale versteurings:	
Minder gereeld:	Brongospasma
Gastroïntestinale versteurings:	
Gereeld:	Abdominale pyn, diarree, winderigheid, naarheid/braking, konstipasie, fundiese klier poliepe (benigne)
Minder gereeld:	Droë mond, stomatitis, gastroïntestinale kandidiase, gastroïntestinale infeksie, mikroskopiese kolitis
Hepato-biliêre versteurings:	
Minder gereeld:	Verhoogde lewerensieme, Hepatitis met óf sonder geelsug, hepatiese enkefalopatie
Vel- en Onderhuidse weefselversteurings:	
Minder gereeld:	Dermatitis, pruritus, urtikarie, uitslag, alopesie, fotosensitiwiteit
Frekwensie onbekend:	Sub-akute kutaneuse lupus eritematose
Muskuloskeletale bindweefselversteurings:	
Minder gereeld:	Artralgie, mialgie, spierswakheid
Nier- en urienweg afwykings:	
Minder gereeld:	Interstisiële nefritis, in sommige pasiënte was renale versaking gesamentlik aangemeld
Voortplantingstelsel- en borsafwykings:	
Minder gereeld:	Ginekomastie
Algemene siektes en toedieningsarea toestande	
Minder gereeld:	Malaise, hiperhidrose

Na-bemarkingservaring
Bloed- en Limfatiese Sisteemversteurings:
Leukopenie, trombositopenie, agranulositose, pankitopenie
Immuunstelselversteurings:
Hipersensitiwiteitsreaksies, bv. angioedeem en anafilaktiese reaksie/skok.
Metabolisme- en voedingsversteurings:
Perifere edeem, hiponatremie
Psigiatriese versteurings:
Insomnie, agitasie, verwarring, depressie, aggressie, hallusinasie
Senusisteemversteurings
Hoofpyn, duiseligheid, parestesie, slaperigheid, smaakversteuring
Oogversteurings:
Dowwe visie
Oor- en doolhofversteurings:
Vertigo
Respiratories-, torakale- en mediastinale versteurings:
Brongospasma
Gastroïntestinale versteurings:
Abdominale pyn, diarree, winderigheid, naarheid/braking, konstipasie, droë mond, stomatitis, gastroïntestinale kandidiase.
Hepato-biliêre versteurings:
Verhoogde lewer ensieme, hepatitis met óf sonder geelsug, hepatiese enkefalopatie, hepatiese versaking.
Vel- en Onderhuidse weefselversteurings:
Dermatitis, pruritus, urtikarie, uitslag, alopesie, fotosensitiwiteit, eriteem multiforme, Stevens-Johnson sindroom, toksiese epidermale nekrolise (TEN)
Muskuloskeletale bindweefselversteurings:
Artralgie, mialgie, spierswakheid
Nier- en urienweg afwykings:
Interstisiële nefritis
Voortplantingstelsel- en borsafwykings:
Ginekomastie
Algemene siektes en toedieningsarea toestande:
Malaise, hiperhidrose

4.9 Oordosering
Geen spesifieke teenmiddel is bekend nie. FLUXTRIN is ekstensief plasmaproteïen gebonde en is dus nie maklik dialiseerbaar nie. In geval van oordosering, moet behandeling simptomaties wees en algemene ondersteunende maatreëls moet toegepas word.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe
Farmakoterapeutiese groep: Middels vir suurverwante afwykings, protonpompinhibeerders.
ATC Kode: A02B C05

Meganisme van werking
Esomeprasool, die S-isomeer van omeprasool, verminder gastriese suurafskeiding deur 'n spesifieke inhibisie van die protonpomp in die pariëtale sel, waar dit konsentreer en omgeskakel word na die aktiewe vorm in die suuromgewing van die afskeidende kanalikuli en inhibeer die ensiem H^+K^+-ATPase – van die protonpomp. Hierdie effek op die laaste stap van die gastriese suurafskeiding is dosisafhanklik en bied effektiewe inhibisie van beide basale en gestimuleerde suurafskeiding.

Uitwerking op gastriese suurafskeiding:
Na orale dosering met esomeprasool 20 mg en 40 mg vind die aanvang van die effek binne een uur plaas.
Na herhaalde toediening met 20 mg esomeprasool een maal per dag vir vyf dae, word die gemiddelde piek suuruitset na pentagastrien stimulasie met 90 % verminder as dit 6-7 uur na toediening op dag vyf gemeet word.
Na vyf dae van orale dosering met 20 mg en 40 mg esomeprasool, is die intra-gastriese pH bo 4 gehandhaaf vir 'n gemiddelde tyd van 13 uur en 17 uur, onderskeidelik gedurende 24 uur in simptomatiese Gastroesofageale Reflukssiekte(GERS)-pasiënte. Die proporsie pasiënte wat 'n intragastriese pH bo 4 vir ten minste 8, 12 en 16 uur gehandhaaf het, was onderskeidelik 76 %, 54 % en 24 % vir esomeprasool 20 mg. Ooreenstemmende proporsies vir esomeprasool 40 mg was onderskeidelik 97 %, 92 % en 56 %.

Met behulp van AOK as surrogaatparameter vir plasmakonsentrasie, is 'n verband tussen die inhibering van suurafskeiding en blootstelling getoon.

Voedselinname het geen beduidende invloed op die uitwerking van esomeprasool op intragastriese asiditeit nie.

Ander uitwerkings verwant aan suurinhibering:
Tydens langtermynbehandeling met antisekretoriese medisyne kom gastriese klieragtige siste voor. Hierdie veranderinge is 'n fisiologiese gevolg van 'n uitgesproke inhibering van suurafskeiding, is benigne en skynbaar omkeerbaar.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie
Esomeprasool is suurlabiel en word oraal toegedien as enteries-bedekte korrels. *In vivo*-omskakeling na die R-isomeer is weglaatbaar klein. Absorpsie van esomeprasool is vinnig, met 'n piekplasmavlakke wat binne ongeveer 1-2 uur na dosering bereik word. Die absolute biobeskikbaarheid is 89 % na herhaalde toediening een maal per dag. Vir 20 mg esomeprasool is die ooreenstemmende waardes onderskeidelik 50 % en 68 %. Voedselinname beide vertraag en verminder die absorpsie van esomeprasool, hoewel dit geen noemenswaardige invloed op die effek van esomeprasool op intragastriese asiditeit het nie.

Verspreiding
Die oënskynlike distribusievolume teen gelykvlaktoestande by gesonde proefpersone is ongeveer 0,22 liter/kg liggaamsgewig. Esomeprasool is 97 % aan plasmaproteïen gebonde.

Metabolisme
Esomeprasool word volledig gemetaboliseer deur die sitochroom P450-stelsel (CYP). Die grootste deel van die metabolisme van esomeprasool is afhanklik van die polimorfiese CYP2C19, wat verantwoordelik is vir die vorming van die hidroksi- en desmetielmetaboliete van esomeprasool. Die oorblywende deel is afhanklik van 'n ander spesifieke isovorm, CYP3A4, wat verantwoordelik is vir die vorming van esomeprasool-sulfoon, die belangrikste metaboliet in plasma.

Eliminasie
Die onderstaande parameters weerspieël hoofsaaklik die farmakokinetika by individue met 'n funksionele CYP2C19-ensiem (ekstensiewe metaboliseerders).

Die totale plasmaopruiming is ongeveer 17 liter per uur na 'n enkele dosis en ongeveer 9 liter per uur na herhaalde toediening. Die plasma-eliminasie-halfleeftyd is ongeveer 1,3 uur na herhaalde dosering een maal per dag. Die area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe neem toe met herhaalde toediening van esomeprasool. Hierdie toename is dosisafhanklik en lei tot 'n nie-lineêre dosis-AOK-verhouding na herhaalde toediening. Hierdie tyd en dosisafhanklikheid is te wyte aan 'n afname in die eerstedeurgangsmetabolisme en sistemiese opruiming, waarskynlik veroorsaak deur 'n inhibering van die CYP2C 19-ensiem deur esomeprasool en/of die sulfoonmetaboliet. Esomeprasool word heeltemal uit plasma geëlimineer tussen dosisse sonder neiging tot akkumulering tydens enkele daaglikse toediening.

Die belangrikste metaboliete van esomeprasool het geen effek op gastriese suurafskeiding nie. Byna 80 % van 'n orale dosis esomeprasool word as metaboliete in die urine uitgeskei, die res in die feses. Minder as 1 % van die moederverbinding word in urine aangetref.

Spesiale pasiëntgroepe
Swak metaboliseerders
Ongeveer 2,9 ± 1,5 % van die bevolking ervaar 'n funksionele tekort aan die CYP2C19-ensiem en word swak metaboliseerders genoem. By hierdie individue word die metabolisme van esomeprasool waarskynlik hoofsaaklik deur CYP3A4 gekataliseer. Na herhaalde toediening van 40 mg esomeprasool een maal per dag, was die gemiddelde area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe ongeveer 100 % hoër by swak metaboliseerders as by persone met 'n funksionele CYP2C19-ensiem (ekstensiewe metaboliseerders). Die gemiddelde piekplasmakonsentrasies is met ongeveer 60 % verhoog. Hierdie bevindings het geen gevolge op die dosering van esomeprasool nie.

Hepatiese ontoereikendheid
Die metabolisme van esomeprasool by pasiënte met ligte tot matige lewerdisfunksie kan ingekort wees. Die metaboliese tempo is stadiger by pasiënte met erge lewerdisfunksie, wat lei tot 'n verdubbeling van die area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe van esomeprasool. Daarom moet 'n maksimum van 20 mg nie oorskry word by pasiënte met erge disfunksie nie. Esomeprasool of die belangrikste metaboliete daarvan toon geen neiging om tydens dosering van een maal per dag te akkumuleer nie.

Renale ontoereikendheid
Geen studies is uitgevoer by pasiënte met 'n verswakte nierfunksie nie. Aangesien die nier verantwoordelik is vir die uitskeiding van die metaboliete van esomeprasool, maar nie vir die eliminasie van die moederverbinding nie, word daar nie verwag dat die metabolisme van esomeprasool by pasiënte met verswakte nierfunksie ander sal wees nie.

Geslag
Na 'n enkele dosis van 40 mg esomeprasool is die gemiddelde area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe ongeveer 30 % hoër by vroue as by mans. Geen geslagsverskil word gesien na herhaalde een maal per dag toediening nie. Hierdie bevindings het geen gevolge op die dosering esomeprasool nie.

Bejaardes
Die metabolisme van esomeprasool is nie beduidend anders by ouer persone (71-80 jarige ouderdom) nie.

Pediatriese populasie
Na herhaalde dosis toediening van 20 mg en 40 mg esomeprasool, was die totale blootstelling (AOK) en die tyd om die maksimum plasma-middelkonsentrasie (t_{maks}) by 12 tot 18-jariges te bereik, soortgelyk aan dié by volwassenes vir beide esomeprasool dosisse.

6 FARMSEUTIESE BESONDERHEDE
6.1 Lys van hulpstowwe
Suikersfere (sukrose en mieliestysel), etielsellulose, magnesiumstearaat, povidoon (K-90), ligte magnesiumoksied, natriumlaurielsulfaat, polisorbaat 80, metakrielsuur-etielakrilaat-kopolimeer, dietielftalaat, talk (gesuiwer), sellulose mikrokristallyn, silika kolloïdaal anhidriese, laktosemonohidraat, mieliestysel, kopovidoon (K-28), makrogol 8000, krospovidoon (tipe A), hipromellose, titaandioksied (E171), ferrioksied rooi (E172), opacode S-1-17823 swart ink (bevat sjellak glasuur, isopropielalkohol, ysteroksied swart, n-butielalkohol, propileenglikol en ammoniumhidroksied).

6.2 Onverenigbaarheid
Nie van toepassing nie.

6.3 Rakleeftyd
36 maande.
Rakleeftyd na opening van die bottel: 100 dae.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls tydens berging
Bêre teen of benede 30 ºC
Bêre in oorspronklike verpakking om te beskerm teen lig en vog.

6.5 Aard en inhoud van die houer
Aluminium - Aluminium stolpverpakking met aluminiumfoelie, hitteverseëling lakvernis en koud-vormbare stolpverpakking aluminiumfoelie. Die stolpverpakking stroke word in kartonne verpak.
HDPE-houer (Hoëdigtheid Poliëtileenhouer van nek-afwerking met induksieseël-voering en 'n silikagelhouer as droogmiddel).

Pakgroottes:
14, 28, 30, 56 en 100 gastries-bestande tablette.
Nie alle verpakkings en pakgroottes word noodwendig bemark nie.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir die wegdoen van 'n gebruikte medisyne of afvalstowwe afkomstig van sodanige medisyne en ander hantering van die produk
Enige ongebruikte medisyne of afvalmateriaal moet weggedoen word volgens die plaaslike vereistes.

7. HOUER VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT
Trinity Pharma (Edms.)
Bpk. 3 Gwen Laan, 4th Vloer, Sandton, Gauteng, 2031.
Kontaknommer: +27 (0)10 594 5610
PV E-posadres: pv@trinitypharma.co.za

8. REGISTRASIENOMMER(S)
FLUXTRIN 20 : 50/11/4/3/0076
FLUXTRIN 40 : 50/11/4/3/0077

9. DATUM VAN EERSTE MAGTIGING / HERNUWING VAN DIE MAGTIGING
Datum van eerste magtiging: 30 November 2021
Datum van laaste hernuwing: N.A

10. DATE OF REVISION OF THE TEXT
N.A